

## GELOOFSMOED

PITKOS 17 FEBRUARIE 2016

**TEKSGEDEELTES:** Mt 17: 14 – 17; Jh 14: 1 – 14

**TEKSVERS:** Jh 14: 12

**TEMA:** Word daar met lof oor jou geloof gepraat?

*Braam Krüger*

(Ek gee graag erkenning aan Rick Warren, *Daring Faith*, vir konsepte en verwysings)

Het jy geloofsmoed? Waar plaas jy jouself op 'n skaal van 1 – 10?

Wel, laat ons dadelik bysê: Geloof kan op verskeie sake wys:

- Geloof in Jesus (saligmakende geloof)
- Geloof in tye van vervolging (om te volhard tydens vervolgings)
- Maar hierdie gesprek gaan oor: geloofsmoed; om te verander, om jou lewe te verander op grond van jou geloofsoortuiging

Ons het tevore gepraat oor die soeke na God se wil. Ons soek soms na God se wil oor 'n spesifieke saak in ons lewens, maar vergeet dan dit sy wil reeds grootliks geopenbaar is in die Skrif. Na hierdie wil van God moet ons soek, én dit doen! Maar dikwels vat dit groot klemverskuiwings van ons in ons eie lewens om hierdie veranderings aan te bring. Dit vat jou weg uit die gemaksones waarin jy vasgeval het, insluitende rassisme, swak huweliksverhoudings, afwesigheid by jou kinders, vloekery, oormatige drinkery, ens. Ja, dit vra van jou om 'n volgeling, 'n dissipel van Jesus te word. Met 'n klomp goed uit jou ou lewe wat uitgegooi moet word. Klomp nuwe dinge wat aangeleer en inge oefen moet word.

Dit is wanneer ons in die geloof hierdie pad begin loop, dat ons ervaar wat Jesus van praat: Ons kan berge versit en ons doen dinge groter (in omvang) selfs as wat Jesus gedoen het. Ons word die vergestaltung van Jesus regoor die wêreld!

In Heb. 11 kry ons 'n ry van geloofshelde. Mense wat in geloofskrag uit hulle gemaksones gekom het om groot dinge in die koninkryk te doen. Geloofsmoed het onder andere die volgende kenmerke:

---

- Hulle **sien die onsienlike** (:1). Ons sê dikwels: “Sien is glo”, maar in God se wêreld werk dit anders: “Glo is sien”! Jy het die oog nie op aardse dinge nie, maar op God se doelwit vir jou lewe. Daarom is jy gehoorsaam.
- Geloofsmoed maak jou **gehoorsaam al verstaan jy nie** (:7 & 8). Nóg Noag, nog Abram het verstaan waarmee hulle besig is – Noag bou ‘n skip (op droë land) en Abram los alles agter ‘n “onbekende” God aan, ‘n ander God as die gode van sy tyd en familie.
- Geloofshelde is bereid om hulle **beste te gee** (:4). Abel offer op hierdie manier.
- Geloofshelde **lê moed aan die dag** (:4vv). Moses is “Prince of Egypt”, maar hy laat alles agter twv die Christus. Hy dra smaad (*persona non grata*) eerder as om die pad van sonde te loop in Egipte.
- Geloofsmoed maak dat jy op God **aanhou vertrou al kry jy nie wat jy vra nie** (:26vv). Daar was ‘n klomp gelowiges wat eerder lyfstraf, bespotting, steniging, mishandeling, ens gekry het as wat God se beloftes vir hulle gerealiseer het. Maar hulle het op God bly vertrou!

Só ‘n geloofsheld kom uiteindelik by die stad wat deur God gebou is, mat vaste fundamente (:10). Hulle naam is in die hemel opgeskryf (Lk. 10: 20). Mag dit wees waarheen ons almal in die geloof op pad is!

Hoe staan dit met jou geloofsmoed?

---